Telefoon: (012) 332-3222 | e-posadres: gsdp@gsdp.org.za | webwerf: www.gsdp.co.za

GEREFORMEERDE SKOOL
**DIRK POSTMA**

Wees sterk en vol moed

# INFO 07/2026

17 April 2026

## Van die skoolhoof

**Ons Anker**

**Hebreërs 6:18 en 19**: "...om vas te hou aan die hoop wat voorlê, en ons het dit as 'n anker van die siel wat veilig en vas is"

Aan die begin van hierdie nuwe kwartaal is dit goed om net vir 'n oomblik stil te staan by hierdie woorde. Ons weet hierdie kwartaal gaan kort wees. En juis daarom gaan dit waarskynlik ook vinnig, vol en veeleisend wees. Daar gaan baie wees om te doen, baie om by uit te kom, baie verantwoordelikhede wat op ons almal se skouers rus. Party dae gaan ons moontlik oorweldig voel deur die druk, moegheid, en die bestuur van te veel dinge gelyk.

Tog herinner hierdie teks ons dat ons hoop nie lê nie in 'n rustige kwartaal, 'n perfekte program of in ons eie krag nie. Ons hoop lê in die Here Jesus Christus. En daardie hoop, sê die Skrif, is vir ons soos **'n veilige en onwankelbare anker.**

'n Anker keer nie altyd die storm nie. Dit laat nie die golwe ophou nie. Maar dit keer dat 'n skip wegdryf. So werk die Here se hoop ook in ons lewe. Dit beteken nie ons gaan geen druk, frustrasie, moeite of beproewing ervaar nie. Dit beteken wel dat ons, te midde van die druk, nie verlore hoef te raak nie. Ons hoef nie weg te dryf in moedeloosheid, bekommernis of oorweldiging nie, want ons is geanker in Hom.

Ons mag hierdie kwartaal dus ingaan met die wete: ons hoef nie alles in eie krag te dra nie. Die Here roep ons tot getrouheid, maar Hy is ook die Een wat dra, wat versterk en wat ons staande hou.

Mag dit ons troos wees in die dae wat voorlê wanneer die werk ophoop, wanneer die emosionele las swaar voel en wanneer ons eie krag min raak. Ons hou vas aan ons Anker, of liewer, ons onthou dat ons Anker ons vashou.

Mag die Here vir elkeen van ons in hierdie kwartaal moed, vrede, rustigheid en die nodige uithouvermoë gee.

*Saskia Meijer*



**ONTHOU**

**Algemene ledevergadering**
Dinsdag, 21 April 2026 om 19:30 in die kerkgebou van die GK Die Kandelaar h/v Codonia- en Dickensonlaan, Waverley, Pretoria.

## Beplanner

- **17/04:** LS Bulletjierugby te LS Villiera
- **20/04:** HS Netbal vs CR Swart (Tuis)
- **21/04:** LS 7's rugby te Curro Thacthfield
- **22/04:** LS Skaak begin
- **23/04:** HS Tafeltennis te HS Oos-Moot
- **23/04:** HS Dames-en-dogtersaand
- **23/04:** HS toetsreeks begin
- **23/04:** LS 0/10 – 0/13 Netbal te Die Krans
- **24/04:** HS Netbal vs Gerrit Maritz (Tuis)
- **28/04:** HS Interne redenaars
- **29/04:** LS Skaak vs Educato
- **04/05:** HS Netbal vs Rietondale (Tuis)
- **05/05:** LS 7's rugby te Eduplex
- **06/04:** HS Netbal vs Curro Roodeplaat (Weg)
- **07/04:** HS Tafeltennis vs Affies

# Die gemeenskap se arms om die skool

Hierdie afgelope week was ek op soek na die laerskool se **fietsloods**. Toe ons dit sommer gou opspoor, het dit my opnuut laat dink aan hoe baie broeders en susters – soms gesien en soms ongesiens – hulle arms om hierdie skool sit. Stilweg het ouers gedurende die vakansie raakgesien dat die fietsloods aandag nodig het, en dit toe eenvoudig saamgeneem om reg te maak. So, dikwels sonder ophef, word daar gebou, herstel, beplan en gedra.

Ons sien dit op soveel maniere. Daar is ouers wat saans laat nog vergader om saam aan mooi toekomsplanne vir die skool te werk. Daar is ouers wat stowe, waaiers, papier en klanktoerusting skenk. Daar is ouers wat afdakke bou, lugversorgers voorsien, die grasperke versorg en toerusting skenk om ruimtes soos die Ark doelmatig en funksioneel in te rig. Daar is ook ouers en onderwysers wat hul tyd, hul kundigheid en hul arbeid met **groot toewyding** op soveel terreine gee.

Die afgelope paar weke is daar boonop 'n pragtige **meerdoelige paviljoen** by die hoërskool opgerig. Dit is nie bloot 'n praktiese struktuur van staal en dakplate nie; dit is 'n tasbare herinnering aan hoe die Here deur diensbare mense vir ons skool sorg. Hierdie luukse paviljoen is inderdaad 'n besondere en groot geskenk waarvoor ons opreg dankbaar is. Dit is 'n gebaar wat getuig daarvan dat julle mense is wat self verstaan dat die Here gawes gee om ook weer uit te deel. Julle doen werklik meer as julle deel, en ons waardeer dit opreg.






Tog lê die waarde van bydraes nie net in hoe groot of sigbaar dit is nie. Die ouer wat 'n groot projek moontlik maak, en die ouer wat net 'n paar uur van sy of haar tyd kan afstaan, dra albei ruimhartig by. Dit gaan uiteindelik oor die gesindheid waarmee gegee en gedien word – 'n gesindheid van liefde vir die skool, **verbondenheid aan ons roeping** en gewilligheid om saam te bou.

Ons wil daarom opreg **dankie sê** aan almal wat op groot en klein maniere bydra. Dankie vir elke vergadering, elke uur se arbeid, elke stukkie toerusting, elke gebaar van omgee, elke daad van praktiese hulp. Julle bou nie net aan geboue en fasiliteite nie; julle bou aan die lewe van die skoolgemeenskap.

Aan almal wat reeds gegee het, en ook aan dié wat steeds stilweg help dra: baie dankie. Ons sien daarin nie net menslike goedhartigheid nie, maar iets van **die Here se vaderlike sorg**. Hy gebruik gewillige hande en oop harte om hierdie skool te bewaar, te versorg en verder op te bou.

# Ons geliefde juffrou Petra verhuis na Nylstroom



**Juffrou Petra** is al vir **33 jaar** aan GSDP verbonde, waarvan sy vir 30 jaar ononderbroke diens gelewer het. Oor hierdie baie jare heen het sy 'n besondere en kosbare rol in die lewe van ons skool vervul.

Aan haar hand het kinders vir dekades geleer om **Psalms** – selfs met moeiliker wysies – met ywer en oorgawe onder die knie te kry. Daar is onder haar leiding hartlik gesing, maar ook veel meer as dit: sy het vir kinders die Bybel met groot toewyding en liefde oopgemaak. Baie oud-leerders getuig met dankbaarheid van die kosbare Bybelkennis wat hulle by juffrou Petra ontvang het.

Die nalatenskap wat sy op hierdie terrein laat, kan nie werklik in rapportpunte of eksamenuitslae gemeet word nie. Sy het saad gesaai wat **ewigheidswaarde** het, en daarvoor is ons opreg dankbaar.

Ons neem met hartseer van **juffrou Petra** afskeid, maar ons gun haar ook hierdie nuwe fase waarin sy nader aan haar geliefde kinders en kleinkinders kan wees. Ons wens haar die Here se ryke seën toe met haar nuwe taak by die skool in Nylstroom.

Mag sy ook daar tot groot seën wees, en mag die kinders onder haar leiding gevoed word uit haar diep kennis van **die Woord**.

Juffrou Petra se laaste dag by die skool is **Woensdag 22 April**, waarna sy alles kan gereed kry vir die groot trek, sodat sy 2 Mei weer daar kan aanmeld. Ons sal dan volgende week ook op gepaste wyse afskeid neem.

Intussen gaan **mevrou Marjan vd Kamp** (ook 'n oud-Dirkie) vir ons aflos totdat ons juffrou Petra se pos kon vul.


DIE KINDERFONDS
BAIE DANKIE
aan Die Kinderfonds
vir hul skenking van fondse aan
Gereformeerde Skool Dirk Postma.
Die skenking gaan aangewend
word vir skoolfondsvermindering
en skoolverwante uitgawes vir
minderbevoorregte kinders.
As gevolg van hierdie skenking
het elke leerder 'n gelyke geleentheid
tot gereformeerde onderwys.
Wees sterk en vol moed


GSDP bied aan
OPEDAG 2026
Kom loer gerus in en ontdek wat
ons vir Gr RRRR - 12 alles bied!
Wees sterk en vol moed
16 Mei
2026
SATERDAG
Saam met die Dopperspele
9:00-15:00

# Kleuterskool

**Kalender:**


**15 Mei:** Lekkertjiedag
**29 Mei:** Lekkertjiedag
**6 Junie:** Witolifantverkoping
**25 Junie:** Oueraand



## TOETSROOSTER 2026 KWARTAAL 2

**(Dinsdae en Donderdae 08:00 – 09:10)**

| Datum | Gr 8 | Gr 9 | Gr 10 | Gr11 | Gr 12 |
|---|---|---|---|---|---|
| 13/4 | | | | | IT Teorie (14:00-15:30) |
| 21/4 | | | | | IT Prakties (14:00-15:30) |
| 23/4 | | | IT Teorie (13:00-14:30) | IT Teorie (14:30-16:00) | |
| 24/4 | | | IT Prakties (12:30-14:00) | IT Prakties (14:00-15:30) | |
| 28/4 | Wisk | Wisk | LW/Geo/BS | Rek/Kuns | FW/RTT |
| 30/4 | EBW | NW | FW/Kuns | LW/BS | Rek/Kuns |
| 5/5 | NW | EBW | Wisk/WG | FW/Geo | Wisk/WG |
| 7/5 | Wisk | Wisk | Rek | Wisk/WG | LW/Geo/BS |



# Hoërskool

## Oefen van Psalms

Ons het 'n kosbare skat van **Psalms** – ons is bevoorreg om dit te kan sing. Ons het elke week twee Psalms wat ons by die hoërskool oefen tydens **voogperiode**s en **saalbyeenkomste**. Ons wil vra dat gesinne dit **tuis** ook oefen tydens huisgodsdiens. Dit help ons kinders om weer al die Psalms te leer, en nie net die bekendes te sing nie.

**Hieronder volg 'n uiteensetting van die Psalms wat ons vir kwartaal 2 aanleer:**
20 tot 26 April: Ps 85 en 86
27 April tot 3 Mei: Ps 87 en 88
4 tot 10 Mei: Ps 87 en 88
11 tot 17 Mei: Ps 89 en 90
18 tot 24 Mei: Ps 91 en 92
25 tot 31 Mei: Ps 93 en 94




## Tafeltennis

Vanjaar neem GSDP se **tafeltennisspan** in 'n nuwe liga deel. Die span presteer bitter goed in die liga. Baie geluk julle! Daar is nog enkele wedstryde oor en ons glo jul sal die wedstryde ook geniet.



# Hoërskool

## Netbal

Kom ondersteun die **hoërskoolspanne** op **Vrydag, 24 April** teen HS Gerrit Maritz. Dit sal ook die eerste geleentheid wees waar almal van die nuwe paviljoene gebruik kan maak. Sien julle daar!




## Landloop-oefeninge

Die landloopdeelnemers oefen al hard. Hierdie oefeninge is nie net vir die laerskool nie, die hoërskoolleerlinge word ook hartlik uitgenooi om saam te kom oefen. Oefentye het wel geskuif na **Maandae en Woensdae 14:30-15:00** by die laerskool.

# Hoërskool

## Kultuur

Hierdie kwartaal is 'n bedrywige kultuurmaand!

Ons skop af met interne **redenaars** op **5 Mei**. Dis 'n aangename voorreg om die voornemende politici en regsgeleerdes in aksie te sien!

Die **ATKV-redenaars** vind **8 Mei** plaas. Elrike Buys, Danika Venter, Eduan Smith en Annaliz Fouché gaan deelneem.

Op **13 Mei** vind die **Afrikaanse Senior Olimpiade** se eksamen in ons rekenaarlokaal plaas. Ons wens die volgende leerlinge sterkte toe: Elrike Buys, Jolene de Beer, Jolene Botma, Dian Kruger, Leané Schmitz, Marguerite van de Wetering, Marné van de Wetering en Wian van der Veen.

Pas maar op! Daar is partykeer 'n onaardse lawaai in die Ark! Die hoërskool se dramagroep is hard aan die werk as dit tyd is om te repeteer! Ons het vanjaar vir die eerste keer ingeskryf vir die **ATKV-toneelkompetisie**. Die volgende leerlinge tree op: Alisha Drijfhout, Danika Venter, Rudy van Rooyen, Aiden Oberholzer, Anli Kruger, Imari Linde, Annaliz Fouché, Liané Verhoef en Anna Bester.

Ons tree **23 Julie** voor die skool op en op **4 Augustus** debuteer ons in die UNISA-Kleinteater. Hou die datums oop!



**Wen Jou Wiskunde** bied onafhanklike, CAPS-belynde en skool-geankerde **wiskunde** ondersteuning aan vir leerders.

WEN JOU WISKUNDE!

CAPS-belyn, Begrip-gefokus. Rapport-gereed.

Die doel is om wiskundige begrip te bou, selfvertroue te versterk en leerders **rapportgereed** te maak.

Klasse word in klein groepies aangebied om individuele aandag en **konsepbou** te versterk.

- Getalle, bewerkings en verwaniskappe
- Patrone, funksies en **algebra**
- Ruimte en vorm
- Meting
- Datahantering



Aangebied deur Juffrou Rachelle
BEd Grondslagfase | Honneurs in Leerderondersteuning

WEN JOU WISKUNDE!

wenjouwiskunde@gmail.com • 074 956 0796

**074 956 0796**

---

GONS MET KENNIS TUTORONDERRIG

Registreer nou vir 2026

Kwaliteit, privaat tutoronderrig deur 'n gekwalifiseerde onderwyser.
Tutoring beskikbaar in Afrikaans en Engels.

AANLYN & IN-PERSOON | WAVERLEY

**Laerskoolvakke:**

Wiskunde (Graad 1 – 5)
Afrikaans Huistaal en Eerste Addisionele Taal
Engels Huistaal en Eerste Addisionele Taal
Sosiale Wetenskappe
Natuurwetenskappe

**Bykomende ondersteuning (Alle Grade):**

Lees-, spel- en skryfvaardighede
Studiemetodes en eksamenvoorbereiding
Kreatiewe kunsklasse om selfvertroue en uitdrukking te bevorder

**BUZZINGWITHKNOWLEDGE@GMAIL.COM**

# Edge Communications

## jou bemarking- en kommunikasievennoot.

*Dink groot. Dink Edge Communications.*

Kommunikeer die regte boodskap, deur die regte kanale, aan die regte gehoor deur Edge Communications.

Edge COMMUNICATIONS




**ONS SPESIALISEER IN:**

- **Sosialemediabestuur**
  Betaalmedia advertensies
- **Grafiese ontwerp**
  Borsjures
  E-pos handtekening
  Embleem ontwerp
  Briefhoofde
  Korporatiewe template
- **Mediaskakeling en publisiteit**
- **Strategie ontwikkeling**
- **Bemarking**
- **Veldtogte**
- **Webontwikkeling en onderhoud**

**Kontak ons vandag vir 'n kwotasie:**

www.edgecommunications.co.za | info@edgecommunications.co.za | +27 81 233 8351

ARRIE NEL APTEEKGROEP

Familie Waardes, Waarde vir die hele Familie!

www.arrienel.co.za

GRATIS AFLEWERING

# WELKOM IN ARRIE NEL *apteek* WÊRELD!

# TOTIUSDAL APTEEK

012 332 1911/2 | 061 549 2255 | totiusdal@arrienel.co.za

Codoniarylaan 779, Waverley, Pretoria

# Snapscan Kodes

<u>Doen betalings vir skoolfonds of boufonds met behulp van die "snapscan"-kodes of een van die volgende</u>:

EFT

D6-toep

Kaartfasiliteit (laerskoolkantoor)

Ons hanteer GEEN KONTANT nie.

Onthou om altyd u familiekode en die doel (as dit anders is as skoolfonds) te gebruik, byvoorbeeld 0123 BOUFONDS.

Snap here to pay

SnapScan

GSDP-SKOOLFONDS

Snap here to pay

SnapScan

GSDP-BOUFONDS

## ONDERSTEUN GSDP & HERWINNING

### BLITS




**Wanneer u aankope te Blits doen, noem asseblief dat u 'n GSDP-ouer/-ondersteuner is.**

**Dankie vir u ondersteuning!**

### MY SCHOOL

Hoe werk die MySchool-kaart? Vir aankope by winkels wat gekoppel is aan die kaart, bv Woolworths, ontvang die skool maandeliks 'n persentasie van die aankope.
Indien u nog nie 'n kaart het nie, besoek die web-tuiste van MySchool en volg die skakel na "Get a MySchool card now". Dit is baie maklik en neem enkele minute.

**Ons het afgelope jaar R 16 405,00 uit hierdie projek ontvang.**

MySchool MyVillage MyPlanet

### PICK N PAY, WAVERLEY PLAZA

Pick n Pay

Inspired by you

**Plaas asseblief al u kasregisterstrokies in die houer, gemerk "Dirk Postma". Die skool in die Moot met die MEESTE kasregisterstrokies (nie geldwaarde nie), ontvang aan die einde van die jaar 'n kontantbedrag.**

### GSDP: GLASPROJEK

Ondersteun asseblief ons glasprojek deur al u "afval"-glas in die houers te Cunninghamlaan te plaas.

**Baie dankie dat ons kan staatmaak op u ondersteuning.**
**Saam kan ons probeer om die nasionale wenner in 2026 te wees.**

